# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 694 | Cape Town Kaapstad | 17 April 2023 | No. 48432

## THE PRESIDENCY

**No. 3295** **17 April 2023**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 01 of 2023: Electoral Amendment Act, 2023**

## DIE PRESIDENSIE

**No. 3295** **17 April 2023**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 01 van 2023: Kieswysigingswet, 2023**

ISSN 1682-5845

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 13 April 2023)*

# ACT

**To amend the Electoral Act, 1998, so as to delete a definition and insert certain definitions consequential to the expansion of this Act to include independent candidates as contesters to elections in the National Assembly and provincial legislatures; to provide that registered parties must submit a declaration confirming that all its candidates are registered to vote in the province where an election will take place; to provide that the submission of lists of candidates of a registered party not represented in the National Assembly or any provincial legislature, must be accompanied by a prescribed form with certain specified details; to provide for the nomination of independent candidates to contest elections in the National Assembly and provincial legislatures; to provide for the requirements which must be met by persons who wish to be nominated as independent candidates; to provide for the inspection of copies of lists of independent candidates and accompanying documents; to provide for objections to independent candidates; to provide for the inclusion of a list of independent candidates entitled to contest elections; to provide for the appointment of agents by independent candidates; to provide that independent candidates are bound by the Electoral Code of Conduct; to provide for the return of a deposit to independent candidates in certain circumstances; to amend Schedule 1; to substitute Schedule 1A; to provide for the Minister to establish the Electoral Reform Consultation Panel; and to provide for matters connected therewith**.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 73 of 1998, as amended by section 1 of Act 18 of 2013 and section 7 of Act 4 of 2021**

**1.** Section 1 of the Electoral Act, 1998 (Act No. 73 of 1998) (hereinafter referred to as the ''principal Act''), is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of ''agent'' of the following definition:

''**'candidate'** means a South African citizen contesting an election, or a South African citizen nominated on a list of a party contesting an election, as the context requires;'';

*(b)* by the insertion after the definition of ''Commission'' of the following definition:

''**'Constitution'** means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 13 April 2023)*

# WET

**Tot wysiging van die Kieswet, 1998, ten einde sekere woordomskrywings in te voeg wat gevolglik is tot die uitbreiding van hierdie Wet om onafhanklike kandidate in te sluit as deelnemers aan verkiesings in die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers; te bepaal dat geregistreerde partye 'n verklaring moet indien waarin bevestig word dat al hul kandidate geregistreer is om te stem in die provinsie waar 'n verkiesing sal plaasvind; te bepaal dat die indiening van lyste van kandidate van 'n geregistreerde party wat nie in die Nasionale Vergadering of enige provinsiale wetgewer verteenwoordig is nie, vergesel moet gaan van 'n voorgeskrewe vorm met sekere gespesifiseerde besonderhede; voorsiening te maak vir die benoeming van onafhanklike kandidate om aan verkiesings in die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers deel te neem; voorsiening te maak vir die vereistes waaraan persone wat as onafhanklike kandidate benoem wil word, moet voldoen; voorsiening te maak vir insae in afskrifte van lyste van onafhanklike kandidate en gepaardgaande dokumente; voorsiening te maak vir besware teen onafhanklike kandidate; voorsiening te maak vir die insluiting van 'n lys van onafhanklike kandidate wat die reg het om aan verkiesings deel te neem; voorsiening te maak vir die aanstelling van agente deur onafhanklike kandidate; voorsiening te maak dat onafhanklike kandidate deur die verkiesingsgedragskode gebind word; voorsiening te maak vir die terugbetaling van 'n deposito aan onafhanklike kandidate onder sekere omstandighede; Bylae 1 te wysig; Bylae 1A te vervang; voorsiening te maak vir die Minister om die Raadplegingspaneel vir Kieshervorming in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 18 van 2013 en artikel 7 van Wet 4 van 2021**

**1.** Artikel 1 van die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998) (hierna die ''Hoofwet'' genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''geregistreerde party'' in te voeg:

''**'Grondwet'** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;'';

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''identiteitsdokument'' in te voeg:

''**'kandidaat'** 'n Suid-Afrikaanse burger wat aan 'n verkiesing deelneem, of 'n Suid-Afrikaanse burger wat op 'n lys benoem is van 'n party wat aan 'n verkiesing deelneem, soos die samehang vereis;'';

*(c)* by the insertion after the definition of ''identity document'' of the following definition:

''**'independent candidate'** means a South African citizen contesting an election and who is not nominated on a list of a party;'';

*(d)* by the insertion after the definition of ''list of candidates'' of the following definition:

''**'list of independent candidates'** means the list of independent candidates referred to in sections 31D and 31F;'';

*(e)* by the deletion of the definition of ''party liaison committee'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''party liaison committee'' of the following definition:

''**'political liaison committee'** means a committee established in terms of the Regulations on Political Liaison Committees published in terms of the Electoral Commission Act;''; and

*(g)* by the insertion after the definition of ''presiding officer'' of the following definitions:

''**'province'** means a province referred to in section 103 of the Constitution;

**'region'** means the territorial area of a province;''.

**Amendment of section 20 of Act 73 of 1998, as amended by section 9 of Act 1 of 2019**

**2.** Section 20 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The Commission must after consultation with the **[party]** national political liaison committee—''.

**Amendment of section 27 of Act 73 of 1998, as amended by section 10 of Act 4 of 2021**

**3.** Section 27 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (2) of the following paragraphs after paragraph *(c)*:

''*(c*A*)* declaration, signed by the duly authorised representative of the party confirming that each candidate appearing on the party's provincial list of candidates referred to in Schedule 1A is registered to vote within the province in which the election will take place;

*(c*B*)* form, in the case of a registered party not represented in the National Assembly or any provincial legislature, confirming that the party has submitted, in the prescribed manner, the names, identity numbers and signatures of voters whose names appear—

(i) in the case of an election of the National Assembly in respect of regional seats, on the national segment of the voters' roll and who support the party—

*(aa)* totalling 15 percent of the quota for that region in the preceding election, when nominating candidates for one region; or

*(bb)* totalling 15 percent of the highest of the regional quotas in the preceding election, when nominating candidates for more than one region provided that where 15 percent of the highest of the quotas is not achieved, that the party may only nominate candidates for the region or regions as determined by the next highest quota; or

(ii) in the case of an election of a provincial legislature, on the segment of the voters' roll for the province and who support the party, totalling at least 15 percent of the quota of that province in the preceding election, for which the party intends to nominate candidates;''.

(c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''kommissie'' in te voeg:

''**'lys van onafhanklike kandidate'** die lys van onafhanklike kandidate in artikels 31D en 31F bedoel;'';

(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''munisipale raad'' in te voeg:

''**'onafhanklike kandidaat'** 'n Suid-Afrikaanse burger wat aan 'n verkiesing deelneem en wat nie op 'n lys van 'n party benoem is nie;'';

(e) deur die omskrywing van ''party-skakelkomitee'' te skrap; en

(f) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''politieke amp'' in te voeg:

''**'politiekeskakelkomitee'** 'n komitee ingestel ingevolge die regulasies oor politiekeskakelkomitees wat ingevolge die Wet op die Verkiesingskommissie afgekondig is;

**'provinsie'** 'n provinsie in artikel 103 van die Grondwet bedoel;

**'streek'** die grondgebied van 'n provinsie;''.

**Wysiging van artikel 20 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 1 van 2019**

**2.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die Kommissie moet na oorleg met die **[party]** nasionale **[skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee—''.

**Wysiging van artikel 27 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 4 van 2021**

**3.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragrawe na paragraaf *(c)* in subartikel (2) in te voeg:

''*(c*A*)* verklaring, deur die behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die party onderteken, waarin bevestig word dat elke kandidaat wat op die party se provinsiale kandidaatlys bedoel in Bylae 1A, verskyn, geregistreer is om te stem binne die provinsie waarin die verkiesing gaan plaasvind;

*(c*B*)* vorm, in die geval van 'n geregistreerde party wat nie in die Nasionale Vergadering of enige provinsiale wetgewer verteenwordig word nie, waarin bevestig word dat die party, op die voorgeskrewe wyse, die name, identiteitsnommers en handtekeninge ingedien het van kiesers wie se name verskyn—

(i) in die geval van 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering ten opsigte van streeksetels, op die nasionale segment van die kieserslys en wat die party ondersteun—

*(aa)* met 'n totaal van 15 persent van die kwota vir daardie streek in die voorafgaande verkiesing, by benoeming van kandidate vir een streek; of

*(bb)* met 'n totaal van 15 persent van die hoogste van die streekskwotas in die voorafgaande verkiesing, by benoeming van kandidate vir meer as een streek met dien verstande dat waar 15 persent van die hoogste van die kwotas nie behaal word nie, dat die party slegs kandidate vir die streek of streke kan benoem soos deur die volgende hoogste kwota bepaal; of

(ii) in die geval van 'n verkiesing van 'n provinsiale wetgewer, of die segment van die kieserslys vir die provinsie en wat die party ondersteun, met 'n totaal van ten minste 15 persent van die kwota van daardie provinsie in die vorige verkiesing, waarvoor die party voornemens is om kandidate te benoem;''.

**Amendment of section 28 of Act 73 of 1998, as substituted by section 11 of Act 1 of 2019 and amended by section 11 of Act 4 of 2021**

**4.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections respectively:

"(1) If a registered party that has submitted a list of candidates has not fully complied with section 27(2)*(a)*, *(b)*, (*c*A), *(d)* or section 27(4), the chief electoral officer must notify that party of its non-compliance.

(2) The notification must be given in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable, and must indicate that the party has an opportunity to comply with section 27(2)*(a)*, *(b)*, (*c*A), *(d)* or section 27(4), by not later than the relevant date stated in the election timetable.".

**Amendment of section 30 of Act 73 of 1998, as amended by section 12 of Act 4 of 2021**

**5.** Section 30 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (6).

**Insertion of Part 3A in Chapter 3 in Act 73 of 1998**

**6.** The following Part is inserted in Chapter 3 of the principal Act after Part 3:

"***Part 3A***

***Independent candidates***

**Nomination of independent candidate**

**31A.** (1) A person may be nominated to contest an election as an independent candidate—

*(a)* in one or more regions for the National Assembly but may be elected to only one seat in the National Assembly; and

*(b)* for a provincial legislature in a province in which that person is registered as a voter,

provided that the independent candidate may only be eligible to be a member of either the National Assembly or a provincial legislature.

(2) Provided the other provisions of this Act are complied with, a person nominated in terms of subsection (1) stands as an independent candidate in that election.

**Requirements for independent candidates to contest elections**

**31B.** (1) A person may contest an election as an independent candidate only if that person is nominated on a prescribed form and that form is submitted to the Commission by not later than a date stated in the timetable for the election and complies with the requirements of subsection (3).

(2) The prescribed nomination form must be submitted in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable.

(3) The following must be attached to a nomination when it is submitted:

*(a)* A completed prescribed form confirming that the independent candidate has submitted, in the prescribed manner, the names, identity numbers and signatures of voters whose names appear—

(i) in the case of an election of the National Assembly in respect of regional seats, on the national segment of the voters' roll and who support his or her candidature—

**Wysiging van artikel 28 van Wet 73 van 1998, soos vervang deur artikel 11 van Wet 1 van 2019 en gewysig deur artikel 11 van Wet 4 van 2021**

**4.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Indien 'n geregistreerde party wat 'n kandidaatlys ingedien het, nie ten volle aan artikel 27(2)*(a), (b),* (cA), *(d)* of artikel 27(4) voldoen het nie, moet die hoofverkiesingsbeampte daardie party van sy nie-voldoening in kennis stel.

(2) Kennis moet op die voorgeskrewe wyse gegee word teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, en moet aantoon dat die party 'n geleentheid het om teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, aan artikel 27(2)*(a)*, *(b)*, (cA), *(d)* of artikel 27(4) te voldoen.".

**Wysiging van artikel 30 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 4 van 2021**

**5.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (6) te skrap.

**Invoeging van Deel 3A in Hoofstuk 3 in Wet 73 van 1998**

**6.** Die volgende Deel word na Deel 3 in Hoofstuk 3 van die Hoofwet ingevoeg:

"***Deel 3A***

***Onafhanklike kandidate***

**Benoeming van onafhanklike kandidaat**

**31A.** (1) 'n Persoon kan benoem word om as 'n onafhanklike kandidaat aan 'n verkiesing deel te neem—

*(a)* in een of meer streke vir die Nasionale Vergadering, maar kan tot slegs een setel in die Nasionale Vergadering verkies word; en

*(b)* vir 'n provinsiale wetgewer in 'n provinsie waarin daardie persoon as 'n kieser geregistreer is,

met dien verstande dat die onafhanklike kandidaat slegs verkiesbaar kan wees om 'n lid van óf die Nasionale Vergadering óf 'n provinsiale wetgewer te wees.

(2) Met dien verstande dat aan die ander bepalings van die Wet voldoen word, neem 'n persoon ingevolge subartikel (1) bedoel, as 'n onafhanklike kandidaat aan daardie verkiesing deel.

**Vereistes vir onafhanklike kandidate om aan verkiesings deel te neem**

**31B.** (1) 'n Persoon kan as 'n onafhanklike kandidaat aan 'n verkiesing deelneem slegs indien daardie persoon op 'n voorgeskrewe vorm benoem is en daardie vorm aan die Kommissie voorgelê word teen nie later nie as 'n datum in die verkiesingstydrooster vermeld en aan die vereistes van subartikel (3) voldoen.

(2) Die voorgeskrewe benoemingsvorm moet op die voorgeskrewe wyse ingedien word teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingsrooster vermeld.

(3) Die volgende moet by 'n benoeming aangeheg word wanneer dit ingedien word:

*(a)* 'n Ingevulde, voorgeskrewe vorm waarin bevestig word dat die onafhanklike kandidaat, op die voorgeskrewe wyse, die name, identiteitsnommers en handtekeninge ingedien het van kiesers wie se name—

(i) in die geval van 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering ten opsigte van streeksetels, op die nasionale segment van die kieserslys verskyn en wat sy of haar kandidaatskap ondersteun—

(*aa*) totalling 15 percent of the quota for that region in the preceding election, if intending to contest only one region; or

(*bb*) totalling 15 percent of the highest of the regional quotas in the preceding election, if intending to contest more than one region, provided that where 15 percent of the highest of the quotas is not achieved, that the independent candidate may only contest the region or regions as determined by the next highest quota; or

(ii) in the case of an election of a provincial legislature, on the segment of the voters' roll for the province and who support his or her candidature, totalling at least 15 percent of the quota of that province in the preceding election, which the independent candidate intends to contest,

provided that an independent candidate who was elected to either the National Assembly or a provincial legislature as an independent candidate in the preceding election shall be exempt from this requirement;

(*b*) a deposit equal to a prescribed amount, payable in the prescribed form and manner;

(*c*) a prescribed undertaking, signed by the candidate, to be bound by the Code;

(*d*) a prescribed declaration, signed by the candidate, that he or she is not disqualified from standing for election in terms of the Constitution or any applicable legislation;

(*e*) if contesting an election of a provincial legislature, a prescribed declaration, signed by the candidate confirming that he or she is registered to vote within a province in which he or she intends contesting; and

(*f*) a recent photograph of the candidate in such form as may be prescribed.

(4) The Commission may in the form and manner as may be prescribed request—

(*a*) an acceptance of nomination signed by the candidate; and

(*b*) a copy of the identity card or that page of the candidate's identity document on which the candidate's photo, name and identity number appear.

(5) The Commission must accept a nomination submitted to it and allow the nominated person to stand as a candidate in the election if the provisions of section 31A and this section have been complied with.

(6) The amount to be deposited by an independent candidate contesting an election of a provincial legislature, must be less than the amount for contesting an election of the National Assembly, and such deposits may also be different to the deposits paid by registered parties.

**Non-compliance**

**31C.** (1) If the nomination of an independent candidate does not fully comply with section 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* or section 31B(4), the chief electoral officer must notify the nominated person of the non-compliance.

(2) The notification must be given in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable, and must indicate that the nominated person has an opportunity to comply with section 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* or section 31B(4), by not later than the relevant date stated in the election timetable.

(3) If a person has been nominated both as an independent candidate and by one or more parties for an election—

*(aa)* met ’n totaal van 15 persent van die kwota vir daardie streek in die voorafgaande verkiesing, indien voornemens om net in een streek deel te neem; of

*(bb)* met ’n totaal van 15 persent van die hoogste van die streekskwotas in die voorafgaande verkiesing, indien voornemens om in meer as een streek deel te neem, met dien verstande dat waar 15 persent van die hoogste van die kwotas nie behaal word nie, die onafhanklike kandidaat slegs in die streek of streke mag deelneem soos deur die volgende hoogste kwota bepaal; of

(ii) in die geval van ’n verkiesing van ’n provinsiale wetgewer, op die segment van die kieserslys vir die provinsie en wat sy of haar kandidaatskap ondersteun, met ’n totaal van ten minste 15 persent van die kwota van daardie provinsie in die voorafgaande verkiesing, waaraan die onafhanklike kandidaat voornemens is om deel te neem,

met dien verstande dat ’n onafhanklike kandidaat wat in die vorige verkiesing tot óf die Nasionale Vergadering óf ’n provinsiale wetgewer as ’n onafhanklike kandidaat verkies is, van hierdie vereiste vrygestel is;

*(b)* ’n deposito gelyk aan ’n voorgeskrewe bedrag betaalbaar in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse;

*(c)* ’n voorgeskrewe onderneming, deur die kandidaat onderteken, om deur die Kode verbind te wees;

*(d)* ’n voorgeskrewe verklaring, deur die kandidaat onderteken, dat hy of sy nie onbevoeg is om ’n kandidaat in die verkiesing te wees ingevolge die Grondwet of enige toepaslike wetgewing nie;

*(e)* indien aan die verkiesing van ’n provinsiale wetgewer deelgeneem word, ’n voorgeskrewe verklaring, deur die kandidaat onderteken, waarin bevestig word dat hy of sy geregistreer is om te stem binne ’n provinsie waar hy of sy voornemens is om deel te neem; en

*(f)* ’n onlangse foto van die kandidaat in die voorgeskrewe vorm.

(4) Die Kommissie kan op die vorm en wyse soos voorgeskryf kan word—

*(a)* ’n aanvaarding van benoeming wat deur die kandidaat onderteken is; en

*(b)* ’n afskrif van die identiteitskaart of daardie bladsy van die kandidaat se identiteitsdokument waarop die kandidaat se foto, naam en identiteitsnommer verskyn,

aanvra.

(5) Die Kommissie moet ’n benoeming wat daarby ingedien is, aanvaar en die benoemde persoon toelaat om as ’n kandidaat aan die verkiesing deel te neem indien aan die bepalings van artikel 31A en hierdie artikel voldoen is.

(6) Die bedrag wat ’n onafhanklike kandidaat wat aan ’n verkiesing van ’n provinsiale wetgewer deelneem, moet deponeer, moet minder wees as die bedrag om aan ’n verkiesing van die Nasionale Vergadering deel te neem, en sodanige deposito’s kan ook verskil van die deposito’s wat deur die geregistreerde partye betaal word.

**Nie-voldoening**

**31C.** (1) Indien die benoeming van ’n onafhanklike kandidaat nie ten volle voldoen aan artikel 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of artikel 31B(4) nie, moet die hoofverkiesingsbeampte die benoemde persoon in kennis stel van die nie-voldoening.

(2) Die kennisgewing moet op die voorgeskrewe wyse gegee word teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, en moet aandui dat die benoemde persoon ’n geleentheid het om aan artikel 31B(3), *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of artikel 31B(4), te voldoen teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld.

(3) Indien ’n persoon vir ’n verkiesing benoem is as ’n onafhanklike kandidaat en ook deur een of meer partye—

*(a)* the chief electoral officer must, where possible, in writing, notify the person and such party or parties who have nominated such person about such state of affairs by no later than the relevant date and time stated in the election timetable; and

*(b)* the party or parties to whom notice has been given in terms of paragraph *(a)* may, by not later than the relevant date and time stated in the election timetable, substitute such a candidate.

**Inspection of copies of lists of independent candidates and accompanying documents**

**31D.** (1) By not later than the relevant date stated in the election timetable, the chief electoral officer must—

*(a)* compile a draft list of independent candidates; and

*(b)* give notice that copies of the draft list of independent candidates and accompanying documents submitted in terms of section 31B, as amended and supplemented in terms of section 31C, will be available for inspection.

(2) The notice referred to in subsection (1)*(b)* must be—

*(a)* published in the *Government Gazette*; and

*(b)* publicised in the media considered appropriate by the chief electoral officer so as to ensure wide publicity of the lists.

(3) The notice referred to in subsection (1)*(b)* must state, and the chief electoral officer must ensure, that for the relevant period stated in the election timetable—

*(a)* copies of the lists for—

(i) an election of the National Assembly, will be available for inspection at the Commission's head office, a place in each province designated in the notice and the office of each municipality in the country; and

(ii) an election of a provincial legislature, will be available for inspection at the Commission's head office, a place in the province designated in the notice and the office of each municipality in that province; and

*(b)* copies of the documents accompanying the lists are available for inspection at the Commission's head office.

(4) Any person may inspect a copy of the draft list of independent candidates and accompanying documents referred to in subsection (1).

(5) The chief electoral officer must provide a certified copy of, or extract from, the draft list of independent candidates or documents referred to in subsection (1), to any person who has paid the prescribed fee.

**Objections to independent candidates**

**31E.** (1) Any person, including the chief electoral officer, may object to the nomination of an independent candidate on the following grounds:

*(a)* The nominated candidate is not qualified to stand in the election;

*(b)* the nominated candidate has failed to submit the prescribed acceptance of nomination signed by the candidate as contemplated in section 31B(4); or

*(c)* there is no prescribed undertaking, signed by the nominated candidate, that the candidate is bound by the Code.

(2) The objection must be made to the Commission in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable, and must be served on the nominated candidate.

(3) The Commission must decide the objection, and must notify the objector and the nominated candidate of the decision in the prescribed manner by not later than the relevant date stated in the election timetable.

*(a)* moet die hoofverkiesingsbeampte, waar moontlik, die persoon en sodanige party of partye wat daardie persoon benoem het, van die stand van sake in kennis stel teen nie later nie as die tersaaklike datum en tyd in die verkiesingstydrooster vermeld; en

*(b)* die party of partye aan wie kennis ingevolge paragraaf *(a)* gegee is kan, teen nie later nie as die tersaaklike datum en tyd in die verkiesingstydrooster vermeld, so 'n kandidaat vervang.

**Insae in afskrifte van lyste van onafhanklike kandidate en bygaande dokumente**

**31D.** (1) Teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, moet die hoofverkiesingsbeampte—

*(a)* 'n konseplys van onafhanklike kandidate saamstel; en

*(b)* kennis gee dat afskrifte van die konseplys van onafhanklike kandidate en bygaande dokumente ingevolge artikel 31B ingedien, soos gewysig en aangevul ingevolge artikel 31C, ter insae beskikbaar sal wees.

(2) Die kennisgewing in subartikel (1)*(b)* bedoel—

*(a)* moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word; en

*(b)* moet in die media wat die hoofverkiesingsbeampte gepas ag, gepubliseer word om wye publikasie van die lyste te verseker.

(3) Die kennisgewing in subartikel (1)*(b)* bedoel, moet vermeld en die hoofverkiesingsbeampte moet verseker, dat vir die tersaaklike tydperk in die verkiesingstydrooster vermeld—

*(a)* afskrifte van die lyste vir—

(i) 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering, ter insae beskikbaar sal wees by die Kommissie se hoofkantoor, 'n plek in elke provinsie wat in die kennisgewing aangewys is en die kantoor van elke munisipaliteit in die land; en

(ii) 'n verkiesing van 'n provinsiale wetgewer, ter insae beskikbaar sal wees by die Kommissie se hoofkantoor, 'n plek in die provinsie in die kennisgewing aangewys en die kantoor van elke munisipaliteit in daardie provinsie; en

*(b)* afskrifte van die dokumente wat die lyste vergesel, ter insae beskikbaar is by die Kommissie se hoofkantoor.

(4) Enige persoon kan insae kry in 'n afskrif van die konseplys van onafhanklike kandidate en bygaande dokumente in subartikel (1) bedoel.

(5) Die hoofverkiesingsbeampte moet aan enige persoon wat die voorgeskrewe gelde betaal het 'n gesertifiseerde afskrif voorsien van, of 'n uittreksel maak uit, die konseplys van onafhanklike kandidate of dokument in subartikel (1) bedoel.

**Besware teen onafhanklike kandidate**

**31E.** (1) Enige persoon, met inbegrip van die hoofverkiesingsbeampte, kan op die volgende gronde beswaar aanteken teen die benoeming van 'n onafhanklike kandidaat:

*(a)* Die benoemde kandidaat is nie bevoeg om 'n kandidaat in die verkiesing te wees nie;

*(b)* die benoemde kandidaat het versuim om die voorgeskrewe aanvaarding van benoeming wat deur die kandidaat onderteken is, soos in artikel 31B(4) bedoel, in te dien; of

*(c)* daar is geen voorgeskrewe onderneming, deur die benoemde kandidaat onderteken, dat die kandidaat deur die Kode gebind is nie.

(2) Die beswaar moet op die voorgeskrewe wyse by die Kommissie gemaak word teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, en moet aan die benoemde kandidaat beteken word.

(3) Die Kommissie moet die beswaar beslis, en moet die beswaarmaker en die benoemde kandidaat op die voorgeskrewe wyse en teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, van die beslissing in kennis stel.

(4) The objector, or the nominated candidate, may appeal against the decision of the Commission to the Electoral Court in the prescribed manner and by not later than the relevant date stated in the election timetable.

(5) The Electoral Court must consider and decide the appeal and notify the parties to the appeal and the chief electoral officer of the decision in the prescribed manner and by not later than the relevant date stated in the election timetable.

**List of independent candidates entitled to contest election**

**31F.** (1) By not later than the relevant date stated in the election timetable, the chief electoral officer must—

*(a)* give effect to a decision of the Commission in terms of section 31E(3) and to a decision of the Electoral Court in terms of section 31E(5); and

*(b)* compile a final list of independent candidates entitled to contest the election concerned.

(2) The chief electoral officer must provide a certified copy of, or extract from, a list mentioned in subsection (1)*(b)* to any person who has paid the prescribed fee.

(3) By not later than the relevant date stated in the election timetable, the chief electoral officer must issue to each independent candidate on the list of independent candidates for an election, a certificate stating that the person is an independent candidate in that election.''.

**Amendment of section 39 of Act 73 of 1998, as substituted by section 12 of Act 34 of 2003**

**7.** Section 39 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* two agents, either from different parties or representing different independent candidates, if available.''.

**Amendment of section 57A of Act 73 of 1998, as inserted by section 15 of Act 34 of 2003**

**8.** Section 57A of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* lists of candidates and lists of independent candidates;''; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* the designation of candidates from candidate lists and lists of independent candidates as representatives **[in]** for those seats; and''.

**Substitution of section 58 of Act 73 of 1998, as amended by section 10 of Act 18 of 2013**

**9.** The following section is hereby substituted for section 58 of the principal Act:

**''Appointment of [party] agents**

**58.** (1) Every registered party or independent candidate contesting an election may appoint such number of agents as may be prescribed—

*(a)* **[two party agents]** for each voting station **[or, if voting or counting at a voting station takes place in more than one room or separately enclosed area, two party agents in respect of each room or area]**; and

*(b)* **[four party agents]** for each venue where the proceedings provided for in Part 3 or 5 of Chapter 4 take place.

(2) **[A party]** An agent—

(4) Die beswaarmaker, of die benoemde kandidaat, kan op die voorgeskrewe wyse en teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, by die Verkiesingshof appèl aanteken teen die beslissing van die Kommissie.

(5) Die Verkiesingshof moet die appèl oorweeg en daaroor beslis en die partye tot die appèl op die voorgeskrewe wyse en teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, in kennis stel van die beslissing.

**Lys van onafhanklike kandidate wat aan verkiesing mag deelneem**

**31F.** (1) Teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, moet die hoofverkiesingsbeampte—

*(a)* gevolg gee aan 'n beslissing van die Kommissie ingevolge artikel 31E(3) en aan 'n beslissing van die Verkiesingshof ingevolge artikel 31E(5); en

*(b)* 'n finale lys opstel van onafhanklike kandidate om aan die betrokke verkiesing deel te neem.

(2) Die hoofverkiesingsbeampte moet 'n gesertifiseerde afskrif van, of uittreksel uit, 'n lys in subartikel (1)*(b)* genoem, voorsien aan enige persoon wat die voorgeskrewe gelde betaal het.

(3) Teen nie later nie as die tersaaklike datum in die verkiesingstydrooster vermeld, moet die hoofverkiesingsbeampte aan elke onafhanklike kandidaat op die lys van onafhanklike kandidate vir 'n verkiesing, 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word dat die persoon 'n onafhanklike kandidaat in daardie verkiesing is.''.

**Wysiging van artikel 39 van Wet 73 van 1998, soos vervang deur artikel 12 van Wet 34 van 2003**

**7.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* twee agente, hetsy van verskillende partye, of wat onafhanklike kandidate verteenwoordig, indien beskikbaar.''.

**Wysiging van artikel 57A van Wet 73 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 34 van 2003**

**8.** Artikel 57A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* lyste van kandidate en lyste van onafhanklike kandidate;''; en

*(b)* deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* die aanwysing van kandidate vanaf **[lyste]** kandidaatlyste en lyste van onafhanklike kandidate as verteenwoordigers **[in]** vir daardie setels; en''.

**Vervanging van artikel 58 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 18 van 2013**

**9.** Artikel 58 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Aanstelling van [party-agente] agente**

**58.** (1) Elke geregistreerde party of onafhanklike kandidaat wat aan 'n verkiesing deelneem, kan sodanige getal agente soos voorgeskryf aanstel—

*(a)* **[twee party-agente]** vir elke stemlokaal **[of, indien die uitbring en tel van stemme in meer as een vertrek of apart afgesonderde area geskied, twee party-agente ten opsigte van elke vertrek of area, aanstel]**; en

*(b)* **[vier party-agente aanstel]** vir elke punt waar die verrigtinge plaasvind waarvoor Deel 3 of 5 van Hoofstuk 4 voorsiening maak.

(2) 'n **[Party-agent moet]** Agent—

*(a)* must be a South African citizen; and
*(b)* may not be a candidate in an election.

(3) The appointment and revocation of appointment of a person as **[a party]** an agent must be effected in the prescribed manner.''.

**Amendment of section 59 of Act 73 of 1998, as amended by section 16 of Act 34 of 2003**

**10.** Section 59 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3)*(a)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(ii) the registered party or independent candidate represented by that agent; and''.

**Amendment of section 62 of Act 73 of 1998**

**11.** Section 62 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the section of the following heading:

''**Consultation with [party] political liaison committee**''; and

*(b)* by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

''*(a)* the municipal **[party]** political liaison committee for the municipality within which that voting district will fall; or

*(b)* if no municipal **[party]** political liaison committee has been established in a municipality, the provincial **[party]** political liaison committee for the province within which that voting district will fall.''.

**Amendment of section 64 of Act 73 of 1998, as amended by section 18 of Act 34 of 2003**

**12.** Section 64 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

''*(a)* the municipal **[party]** political liaison committee for the municipality within which that voting station will fall; or

*(b)* if no municipal **[party]** political liaison committee has been established in the municipality, the provincial **[party]** political liaison committee for the province within which the voting station will fall.''.

**Amendment of section 66 of Act 73 of 1998, as substituted by section 19 of Act 34 of 2003**

**13.** Section 66 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Before the voting station opens for voting on voting day the presiding officer of a voting station must determine the boundary of thevoting station after consultation with **[party]** agents and members of the security services who are available at that voting station at that stage.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) The presiding officer may alter the boundary at any time if it is necessary to do so to ensure proper control and security at the voting station and after consultation with **[party]** agents and members of the security services who are available at that voting station at that stage.''.

**Substitution of section 94 of Act 73 of 1998**

**14.** The following section is hereby substituted for section 94 of the principal Act:

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(a)* moet ’n Suid-Afrikaanse burger wees; en

*(b)* mag nie ’n kandidaat in ’n verkiesing wees nie.

(3) Die aanstelling en intrekking van aanstelling van ’n persoon as ’n **[party-agent]** ’n agent moet op die voorgeskrewe wyse geskied.’’.

**Wysiging van artikel 59 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 34 van 2003**

**10.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3)*(a)*, subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

‘‘(ii) die geregistreerde party of onafhanklike kandidaat aantoon wat deur daardie agent verteenwoordig word; en’’.

**Wysiging van artikel 62 van Wet 73 van 1998**

**11.** Artikel 62 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

‘‘**Oorlegpleging met [party-skakelkomitee] politiekeskakelkomitee**’’; en

*(b)* deur paragrawe *(a)* en *(b)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

‘‘*(a)* die munisipale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee vir die munisipaliteit waarin daardie stemdistrik sal val; of

*(b)* indien geen munisipale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee in ’n munisipaliteit ingestel is nie, die provinsiale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee vir die provinsie waarin daardie stemdistrik sal val.’’.

**Wysiging van artikel 64 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 34 van 2003**

**12.** Artikel 64 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) paragrawe *(a)* en *(b)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

‘‘*(a)* die munisipale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee vir die munisipaliteit waarin daardie stemlokaal sal val; of

*(b)* indien daar geen munisipale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee in die munisipaliteit ingestel is nie, die provinsiale **[party-skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee vir die provinsie waarin die stemlokaal sal val.’’.

**Wysiging van artikel 66 van Wet 73 van 1998, soos vervang deur artikel 19 van Wet 34 van 2003**

**13.** Artikel 66 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(1) Voordat die stemlokaal vir die uitbring van stemme op die stemdag open, moet die voorsittende beampte van ’n stemlokaal die grens van die stemlokaal bepaal na oorleg met **[party-agente]** agente en lede van die veiligheidsdienste wat in daardie stadium by daardie stemlokaal beskikbaar is.’’; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(3) Die voorsittende beampte kan die grens te eniger tyd verander indien dit nodig is om dit te doen ten einde behoorlike beheer en veiligheid by die stemlokaal te verseker en na oorleg met **[party-agente]** agente en lede van die veiligheidsdienste wat in daardie stadium by daardie stemlokaal beskikbaar is.’’.

**Vervanging van artikel 94 van Wet 73 van 1998**

**14.** Artikel 94 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

''**Contravention of Code**

**94.** No person, **[or]** registered party, or independent candidate bound by the Code may contravene or fail to comply with a provision of that Code.''.

**Amendment of section 96 of Act 73 of 1998**

**15.** Section 96 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* the forfeiture of any deposit paid by that person or party in terms of section 27(2)*(e)* or paid by an independent candidate in terms of section 31B(3)*(b)*;''.

**Amendment of section 99 of Act 73 of 1998, as amended by section 15 of Act 4 of 2021**

**16.** Section 99 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (1) of the word ''and'' at the end of paragraph *(a)*, the insertion of the word ''and'' at the end of paragraph *(b)*, and the addition of the following paragraph:

''*(c)* by every independent candidate before that independent candidate may be placed on a list of independent candidates in terms of section 31F.''.

**Amendment of section 100 of Act 73 of 1998**

**17.** Section 100 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''(2) The Commission may make regulations, after consultation with the **[party]** national political liaison committee, regarding any matter—''.

**Amendment of section 106 of Act 73 of 1998**

**18.** Section 106 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

''(1A) Subject to section 96(2)*(c)*, the Commission must refund to an independent candidate any deposit paid by such candidate in terms of section 31B(3)*(b)* if the candidate is allocated a seat in the legislature whose election the independent candidate contested.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) A deposit that is not refundable in terms of subsection (1) or (1A) is forfeited to the State.''.

**Amendment of section 110 of Act 73 of 1998**

**19.** Section 110 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Any mistake in the certified segment of the voters' roll referred to in section 24, **[or]** the final list of candidates referred to in section 31, or the final list of independent candidates referred to in section 31F, does not invalidate that voters' roll, **[or]** that list of candidates, or that list of independent candidates.''.

**Amendment of Schedule 1 to Act 73 of 1998, as amended by section 24 of Act 34 of 2003 and section 17 of Act 1 of 2019**

**20.** Schedule 1 to the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for item 4 of the following item:

''**Cut-off date for submission of list of candidates and nominations of independent candidates**

“**Oortreding van Kode**

**94.** Geen persoon, **[of]** geregistreerde party, of onafhanklike kandidaat wat deur die Kode gebind word, mag ’n bepaling van daardie Kode oortree of versuim om daaraan te voldoen nie.”.

**Wysiging van artikel 96 van Wet 73 van 1998**

**15.** Artikel 96 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(c)* die verbeuring van enige deposito wat deur daardie persoon of party ingevolge artikel 27(2)*(e)* betaal is of wat ingevolge artikel 31B(3)*(b)* deur ’n onafhanklike kandidaat betaal is;”.

**Wysiging van artikel 99 van Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 4 van 2021**

**16.** Artikel 99 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord “en” aan die einde van paragraaf *(a)* te skrap, die woord “en” aan die einde van paragraaf *(b)* in te voeg, en die volgende paragraaf by te voeg:

“*(c)* deur elke onafhanklike kandidaat voordat daardie onafhanklike kandidaat ingevolge artikel 31F op ’n lys van onafhanklike kandidate geplaas word.”.

**Wysiging van artikel 100 van Wet 73 van 1998**

**17.** Artikel 100 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(2) Die Kommissie kan, na oorleg met die **[party]** nasionale **[skakelkomitee]** politiekeskakelkomitee, regulasies betreffende enige aangeleentheid maak—”.

**Wysiging van artikel 106 van Wet 73 van 1998**

**18.** Artikel 106 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Behoudens artikel 96(2)*(c)*, moet die Kommissie enige deposito wat ’n onafhanklike kandidaat ingevolge artikel 31B(3)*(b)* betaal het, aan daardie kandidaat terugbetaal indien ’n setel in die wetgewer aan wie se verkiesing die onafhanklike kandidate deelgeneem het, aan die kandidaat toegewys word.”; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Deposito wat nie ingevolge subartikel (1) of (1A) terugbetaalbaar is nie, word ten gunste van die Staat verbeur.”.

**Wysiging van artikel 110 van Wet 73 van 1998**

**19.** Artikel 110 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Enige fout in die gesertifiseerde segment van die kieserslys waarna in artikel 24 verwys word, **[of]** op die finale kandidaatlys waarna in artikel 31 verwys word, of die finale lys van onafhanklike kandidate waarna in artikel 31F verwys word, maak nie daardie kieserslys, **[of]** kandidaatlys, of daardie lys van onafhanklike kandidate ongeldig nie.”.

**Wysiging van Bylae 1 by Wet 73 van 1998, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 34 van 2003 en artikel 17 van Wet 1 van 2019**

**20.** Bylae 1 tot die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur item 4 deur die volgende item te vervang:

“**Sperdatum vir voorlegging van kandidaatlys en benoemings van onafhanklike kandidate**

**4.** (1) Registered parties that intend to contest this election must nominate and submit a list of their candidates for the election to the chief electoral officer in the prescribed manner by .......................... [day/month/year].

(2) Nominators of independent candidates that intend to contest this election must submit their nominations to the chief electoral officer in the prescribed manner by ........................... [day/month/year].'';

*(b)* by the substitution for subitem 5(1) of the following subitem:

''(1) The chief electoral officer must notify a registered party that has submitted a list of candidates in terms of section 27 but has not fully complied with **[that]** section 27(2)*(a)*, *(b)*, *(c*A*)*, *(d)* or section 27(4), of that non-compliance by ......................... [day/month/year];'';

*(c)* by the insertion after subitem 5(1) of the following subitem:

''(1A) The chief electoral officer must notify the person nominated to be an independent candidate, who has not fully complied with section 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* or section 31B(4), of that non-compliance by ... [day/month/year].'';

*(d)* by the substitution for subitem 5(2) of the following subitem:

''(2) If the party or person notified **[party]** in terms of subitem (1) or (1A) takes the opportunity to comply with section 27(2)*(a)*, *(b)*, *(c*A*)*, *(d)*, section 27(4), section 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* or section 31B(4), that party or person must do so by ............................................. [day/month/year].'';

*(e)* by the insertion after subitem 5A(1) of the following subitem:

''(1A) The Commission must notify—

*(a)* a person who has been nominated both as an independent candidate and by one or more parties for an election; and

*(b)* all the parties on whose party lists such a candidate appears,

of the multiple nominations by .................. [day/month/year].'';

*(f)* by the substitution for subitem 5A(2) of the following subitem:

''(2) If the notified party decides to act in terms of section 28(3) or section 31C(3), that party must do so by .................... (date).'';

*(g)* by the substitution for item 6 with the following item:

''**Inspection of lists of candidates and draft list of independent candidates and accompanying documents**

**6.** The chief electoral officer must give notice by ................... [day/month/year], that from the date of the notice until ............... [day/month/year], copies of the following documents will be available for inspection:

*(a)* The lists of candidates and accompanying documents submitted by registered parties in terms of section 27, as amended and supplemented in terms of section 28**[.]**; and

*(b)* the draft list of independent candidates and accompanying documents submitted in terms of section 31B, as amended and supplemented in terms of section 31C. '';

*(h)* by the substitution for item 8 of the following item:

''**Decision of objections**

**8.** The Commission must decide an objection under section 30 or section 31E, and must notify the objector, **[and]** the registered party that nominated the candidate, and the nominated independent candidate, if applicable, of the decision in the prescribed manner by ............... [day/month/year].'';

*(i)* by the substitution for item 9 of the following item:

**4.** (1) Geregistreerde partye wat aan hierdie verkiesing wil deelneem, moet teen .............. [dag/maand/jaar] hul kandidate vir die verkiesing benoem en 'n lys van dié kandidate op die voorgeskrewe wyse aan die hoofverkiesingsbeampte voorlê.

(2) Benoemers van onafhanklike kandidate wat aan hierdie verkiesing wil deelneem, moet teen ............................ [dag/maand/jaar] hul benoemings op die voorgeskrewe wyse aan die hoofverkiesingsbeampte voorlê.'';

*(b)* deur subitem 5(1) deur die volgende subitem te vervang:

''(1) Die hoofverkiesingsbeampte moet teen ........................ [dag/maand/jaar] aan 'n geregistreerde party wat ingevolge artikel 27 'n kandidaatlys voorgelê het, maar wat nie ten volle aan **[daardie]** artikel 27(2)*(a)*, *(b)*, *(c*A), *(d)* of artikel 27(4) voldoen het nie, kennis van daardie nie-voldoening gee teen ................. [dag/maand/jaar];'';

*(c)* deur die volgende subitem na subitem 5(1) in te voeg:

''(1A) Die hoofverkiesingsbeampte moet teen ..................... [dag/maand/jaar] aan 'n persoon wat genomineer is om 'n onafhanklike kandidaat te wees, maar wat nie ten volle aan artikel 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of artikel 31B(4) voldoen het nie, kennis van daardie nie-voldoening gee.'';

*(d)* deur subitem 5(2) deur die volgende subitem te vervang:

''(2) Indien die party of persoon aan wie kennis gegee is ingevolge subitem (1) of (1A), die geleentheid gebruik om aan artikel 27(2)*(a)*, *(b)*, *(c*A), *(d)*, artikel 27(4), artikel 31B(3)*(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* of artikel 31B(4) te voldoen, moet daardie party of persoon dit doen teen ................. [dag/maand/jaar].'';

*(e)* deur die volgende subitem na subitem 5A(1) in te voeg:

''(1A) Die Kommissie moet—

*(a)* 'n persoon wat as 'n onafhanklike kandidaat sowel as 'n kandidaat vir een of meer partye vir verkiesing benoem is; en

*(b)* al die partye op wie se partylyste sodanige kandidaat verskyn,

teen ............................................... [dag/maand/jaar], van die veelvuldige benoemings in kennis stel.'';

*(f)* deur subitem (5A)(2) deur die volgende subitem te vervang:

''(2) Indien die party wat in kennis gestel is, besluit om ingevolge artikel 28(3) of artikel 31C(3) te handel, moet daardie persoon dit teen ...................................................... (datum) doen.'';

*(g)* deur item 6 deur die volgende item te vervang:

''**Insae in kandidaatlyste en konseplys van onafhanklike kandidate en bygaande dokumente**

**6.** Die hoofverkiesingsbeampte moet teen .......................... [dag/maand/jaar] kennis gee dat afskrifte van die volgende dokumente vanaf die datum van die kennisgewing tot ............................ [dag/maand/jaar] ter insae beskikbaar sal wees:

*(a)* Die kandidaatlyste en bygaande dokumente wat ingevolge artikel 27 deur geregistreerde partye voorgelê is, soos ingevolge artikel 28 gewysig en aangevul**[.]**; en

*(b)* die konseplys van onafhanklike kandidate en bygaande dokumente ingevolge artikel 31B, soos gewysig en aangevul ingevolge artikel 31C.'';

*(h)* deur item 8 deur die volgende item te vervang:

''**Beslissing van besware**

**8.** Die Kommissie moet 'n beswaar kragtens artikel 30 of artikel 31E beslis, en moet die beswaarmaker, **[asook]** die geregistreerde party wat die kandidaat benoem het, en die benoemde onafhanklike kandidaat, indien van toepassing, teen .......................... [dag/maand/jaar] op die voorgeskrewe wyse van die beslissing in kennis stel.'';

*(i)* deur item 9 deur die volgende item te vervang:

"**Cut-off date for appeals against decisions**

**9.** (1) The objector or the registered party who nominated the candidate may appeal against a decision of the Commission in terms of section **[30(3)]** 30(4) to the Electoral Court in the prescribed manner by ................................................ [day/month/year].

(2) The objector or the nominated independent candidate may appeal against a decision of the Commission in terms of section 31E(4) in the prescribed manner by ............................ [day/month/year].";

*(j)* by the substitution for item 10 of the following item:

"**Deciding appeals**

**10.** The Electoral Court must consider and decide an appeal brought under section 30(4) or 31E(4) and notify the parties to the appeal, and the chief electoral officer, of the decision in the prescribed manner by ............................................. [day/month/year].";

*(k)* by the substitution for item 11 of the following item:

"**List of parties and candidates entitled to contest election and final list of candidates**

**11.** By ............... [day/month/year], the chief electoral officer—

*(a)* must give effect to a decision of the Commission in terms of section 30(3), section 31E(3), or a decision of the Electoral Court in terms of section 30(5) or section 31E(5); and

*(b)* must compile a list of the registered parties entitled to contest the election, **[and]** the final list of candidates for each of those parties, and the list of independent candidates contesting this election."; and

*(l)* by the substitution for item 12 of the following item:

"**Issue of certificate to candidates**

**12.** By ......................... [day/month/year], the chief electoral officer must issue in the prescribed manner to each candidate on a final list of candidates, and to each independent candidate on the final list of independent candidates, a certificate stating that the person is a candidate in this election in terms of section 31(3) and section 31F(3).".

**Substitution of Schedule 1A to Act 73 of 1998, as inserted by section 25 of Act 34 of 2003 and amended by section 8 of Act 55 of 2008**

**21.** Schedule 1A to the principal Act is hereby substituted for the following schedule:

"**Sperdatum vir appèlle teen beslissings**

**9.** (1) Die beswaarmaker of die geregistreerde party wat die kandidaat benoem het, kan teen ................................ [dag/maand/jaar] op die voorgeskrewe wyse teen 'n beslissing van die Kommissie ingevolge artikel **[30(3)]** 30(4), na die Verkiesingshof appelleer.

(2) Die beswaarmaker of die benoemde onafhanklike kandidaat kan teen ............................ [dag/maand/jaar] op die voorgeskrewe wyse teen 'n beslissing van die Kommissie ingevolge artikel 31E(4) appelleer.";

*(j)* deur item 10 deur die volgende item te vervang:

"**Beslissing van appèlle**

**10.** Die Verkiesingshof moet 'n appèl wat kragtens artikel 30(4) of 31E(4) aangeteken is, oorweeg en beslis en die partye tot die appèl asook die hoofverkiesingsbeampte, op die voorgeskrewe wyse teen .................. [dag/maand/jaar] van die beslissing in kennis stel.";

*(k)* deur item 11 deur die volgende item te vervang:

"**Lys van partye en kandidate geregtig om aan verkiesing deel te neem en finale kandidaatlys**

**11.** Die hoofverkiesingsbeampte moet teen .......................... [dag/maand/jaar]—

*(a)* aan 'n beslissing van die Kommissie ingevolge artikel 30(3), artikel 31E(3) of 'n beslissing van die Verkiesingshof ingevolge artikel 30(5) of artikel 31E(5) uitvoering gee; en

*(b)* 'n lys van die geregistreerde partye wat geregtig is om aan die verkiesing deel te neem, **[en]** die finale kandidaatlys vir elk van daardie partye en die lys van onafhanklike kandidate wat aan hierdie verkiesing deelneem, opstel."; en

*(l)* deur item 12 deur die volgende item te vervang:

"**Uitreik van sertifikaat aan kandidate**

**12.** Teen ................................ [dag/maand/jaar] moet die hoofverkiesingsbeampte op die voorgeskrewe wyse 'n sertifikaat wat verklaar dat die persoon 'n kandidaat in hierdie verkiesing is ingevolge artikels 31(3) en artikel 31F(3), aan elke kandidaat op 'n finale kandidaatlys, en aan elke onafhanklike kandidaat op die finale lys van onafhanklike kandidate uitreik.".

**Vervanging van Bylae 1A by Wet 73 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 25 van Wet 34 van 2003 en gewysig deur artikel 9 van Wet 55 van 2008**

**21.** Bylae 1A van die Hoofwet word hierby deur die volgende bylae vervang:

**“SCHEDULE 1A**

**SYSTEM OF REPRESENTATION IN NATIONAL ASSEMBLY AND PROVINCIAL LEGISLATURES**

**(Section 57A)**

**National Assembly**

**1.** The seats in the National Assembly are as determined in terms of section 46 of the Constitution and item 1 of Schedule 3 and are allocated as follows:

*(a)* Half the seats are filled by independent candidates and candidates from lists of candidates of parties contesting the nine regions and these shall be referred to as regional seats; and

*(b)* half the seats are filled by candidates from lists of candidates of parties and these shall be referred to as compensatory seats.

**2.** The Commission must prepare a list of independent candidates contesting an election of the National Assembly in each region in accordance with this Act.

**3.** (1) Registered parties contesting an election of the National Assembly must nominate candidates on a list of candidates prepared in accordance with this Act.

(2) A party’s list of candidates must consist of—

*(a)* a regional list for each region that the party wishes to contest; and

*(b)* a national list,

with such number of names on each list as the party may determine subject to subitem (3).

(3) The lists of candidates submitted by a party must together not contain more names than the number of seats in the National Assembly, and each such list must denote the fixed order of preference of the names as the party may determine.

(4) A candidate—

*(a)* may be nominated on a party’s regional list for one region and the national list of a party but the same candidate’s name may not appear on more than one regional list for that party; or

*(b)* may be nominated as an independent candidate in more than one region.

**Regional seats**

**4.** The Commission must determine a fixed number of seats reserved for each region for every election of the National Assembly, taking into account available scientifically based data in respect of voters and representations by interested parties.

**5.** The seats referred to in item 1*(a)* must be allocated to the parties and independent candidates contesting an election, as follows:

*(a)* A quota of votes per seat must be determined in respect of each region by dividing the total number of valid votes cast in a region by the number of seats, plus one, reserved for such region under item 4.

*(b)* The result plus one, disregarding fractions, is the quota of votes per seat in respect of a particular region.

*(c)* The number of seats to be awarded for the purposes of paragraph *(e)* in respect of such region to a party or independent candidate must, subject to paragraph *(d)*, be determined by dividing the total number of votes cast in favour of such party or independent candidate in a region by the quota of votes per seat indicated by paragraph *(b)* for that region.

*(d)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(c)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties or independent candidates, the surplus of votes accruing to any party, parties or

"**BYLAE 1A**

## STELSEL VAN VERTEENWOORDIGING IN NASIONALE VERGADERING EN PROVINSIALE WETGEWERS

**(Artikel 57A)**

**Nasionale Vergadering**

**1.** Die setels in die Nasionale Vergadering word vasgestel ingevolge artikel 46 van die Grondwet en item 1 van Bylae 3 en word soos volg toegeken:

*(a)* Die helfte van die setels word deur onafhanklike kandidate en kandidate vanaf kandidaatlyste van partye wat oor die nege streke meeding, gevul en hierdie setels sal streeksetels heet; en

*(b)* die helfte van die setels word gevul deur kandidate vanaf lyste van kandidate van politieke partye en hierdie setels sal teenwigsetels heet.

**2.** Die Kommissie moet 'n lys opstel van onafhanklike kandidate wat ooreenkomstig hierdie Wet aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem in elke streek.

**3.** (1) Geregistreerde partye wat aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem, moet kandidate op 'n lys kandidate wat ooreenkomstig hierdie Wet voorberei is, benoem.

(2) 'n Party se kandidaatlys moet bestaan uit—

*(a)* 'n streeklys vir elke streek waar die party wil deelneem; en

*(b)* 'n nasionale lys,

met sodanige getal name op elke lys wat die party behoudens subitem (3) kan bepaal.

(3) Die kandidaatlyste wat deur 'n party voorgelê is, moet altesaam nie meer name op hê as die getal setels in die Nasionale Vergadering nie en elke sodanige lys moet die vaste voorrangorde van die name soos die party kan bepaal, aandui.

(4) 'n Kandidaat—

*(a)* kan benoem word op 'n party se streeklys vir een streek en die nasionale lys van 'n party, maar dieselfde kandidaat se naam mag nie op meer as een streeklys vir daardie party verskyn nie; of

*(b)* kan in meer as een streek as 'n onafhanklike kandidaat benoem word.

**Streeksetels**

**4.** Die Kommissie moet 'n vaste getal setels wat vir elke streek gereserveer is, vir elke verkiesing van die Nasionale Vergadering bepaal, met inagneming van beskikbare wetenskaplike data ten opsigte van kiesers en vertoë deur belanghebbende partye.

**5.** Die setels bedoel in item 1*(a)*, moet toegewys word aan die partye en onafhanklike kandidate wat aan 'n verkiesing deelneem, soos volg:

*(a)* 'n Kwota stemme per setel moet bepaal word ten opsigte van elke streek deur die totale getal geldige stemme in 'n streek gebring, te deel deur die getal setels plus een, vir daardie streek gereserveer ingevolge item 4.

*(b)* Die uitslag plus een, met breukdele buite rekening gelaat, is die kwota stemme per setel ten opsigte van 'n bepaalde streek.

*(c)* Die getal setels wat vir die doeleindes van paragraaf *(e)* ten opsigte van sodanige streek aan 'n party of onafhanklike kandidaat in 'n streek toegewys moet word, behoudens paragraaf *(d)*, word bepaal deur die totale getal stemme wat in 'n streek ten gunste van sodanige party of onafhanklike kandidaat gebring is, te deel deur die kwota van stemme per setel deur paragraaf *(b)* vir daardie streek aangedui.

*(d)* Waar die uitslag van die berekening in paragraaf *(c)* bedoel setels oplewer wat nie geabsorbeer word deur die getal wat aan partye of onafhanklike kandidate toegeken is nie, ding die surplus van stemme

independent candidates in respect of the relevant region, competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes.

*(e)* The aggregate of a party's or independent candidate's awards in terms of paragraphs *(c)* and *(d)* in respect of a particular region indicates that party's or that independent candidate's provisional allocation of the seats reserved under item 4 for that region.

*(f)* Where an independent candidate's award in terms of paragraph *(e)* exceeds one seat, the candidate is awarded one seat as his or her provisional allocation. The excess seats must be dealt with in terms of item 7.

*(g)* If the same independent candidate is provisionally allocated a seat in more than one region, the candidate is awarded the seat in the region where he or she received the highest proportion of votes, as his or her provisional allocation. The excess seats in other regions must be dealt with in terms of item 7.

*(h)* The aggregate of a party's provisional allocations for the various regions in terms of paragraph *(e)*, indicates its provisional allocation of the seats referred to in item 4.

*(i)* If no recalculation of provisional allocations is required in terms of item 7, the provisional allocation of such seats in terms of paragraphs *(e), (f), (g)* and *(h)* becomes the final allocation of such seats to the various parties and independent candidates, and if a recalculation is required, the provisional allocation of such seats, as adjusted in terms of item 7, becomes the final allocation of such seats to the various parties and independent candidates.

*(j)* Parties' seats shall be filled from its regional lists in accordance with its final allocation of seats in respect of each region.

*(k)* Where an independent candidate is contesting in more than one region, the votes received across regions for that independent candidate may not be aggregated in order to obtain a seat in the National Assembly.

**Compensatory seats**

**6.** The seats referred to in item 1*(b)* must be allocated to the parties contesting an election, as follows:

*(a)* A quota of votes per seat must be determined by dividing the total number of valid votes cast for parties on both the regional and compensatory ballots by the total number of seats in the National Assembly, plus one, minus seats won by independent candidates, and the result plus one, disregarding fractions, is the quota of votes per seat.

*(b)* The number of seats to be awarded to a party for the purposes of paragraph *(d)* must, subject to paragraph *(c)*, be determined by dividing the total number of votes cast on both the regional and compensatory ballots in favour of such party by the quota of votes per seat determined in terms of paragraph *(a)*.

*(c)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(b)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties, the surplus of votes accruing to any party or parties competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes, up to a maximum of five seats so awarded: Provided that the subsequent award of seats still remaining must be made in sequence of the party or parties with the highest average number of votes per seat already awarded in terms of paragraph *(b)* and this paragraph.

*(d)* The aggregate of a party's awards in terms of paragraphs *(b)* and *(c)* must be reduced by the number of seats allocated to it in

wat toeval aan enige party, partye of onafhanklike kandidate ten opsigte van die tersaaklike streek, mee om die oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus stemme.

*(e)* Die totaal van 'n party of onafhanklike kandidaat se toekennings ingevolge paragrawe *(c)* en *(d)* ten opsigte van 'n bepaalde streek dui daardie party of daardie onafhanklike kandidaat se voorlopige toewysing van die setels aan wat kragtens item 4 vir daardie streek gereserveer is.

*(f)* Waar 'n onafhanklike kandidaat se toewysing ingevolge paragraaf *(e)* meer as een setel is, kry die kandidaat een setel as sy of haar voorlopige toewysing. Die oorblywende setels moet ingevolge item 7 hanteer word.

*(g)* Indien 'n setel in meer as een streek voorlopig aan dieselfde onafhanklike kandidaat toegewys word, word die setel in die streek waar die kandidaat die hoogste persentasie van stemme gekry het aan daardie kandidaat toegeken, as sy of haar voorlopige toewysing. Die oorblywende setels in ander streke, moet ingevolge item 7 hanteer word.

*(h)* Die totaal van 'n party se voorlopige toewysings vir die verskeie streke ingevolge paragraaf *(e)*, dui die party se voorlopige toewysing van die setels bedoel in item 4 aan.

*(i)* Indien geen herberekening van voorlopige toewysings ingevolge item 7 vereis word nie, word die voorlopige toewysing van sodanige setels ingevolge paragrawe *(e)*, *(f)*, *(g)* en *(h)*, die finale toewysing van sodanige setels aan die verskeie partye en onafhanklike kandidate, en indien 'n herberekening vereis word, word die voorlopige toewysing van sodanige setels, soos ingevolge item 7 aangepas, die finale toewysing van sodanige setels aan die verskeie partye en onafhanklike kandidate.

*(j)* Partye se setels word gevul vanuit die partye se streeklyste ooreenkomstig die partye se finale toewysing van setels ten opsigte van elke streek.

*(k)* Waar 'n onafhanklike kandidaat in meer as een streek deelneem, kan die stemme regoor streke vir daardie onafhanklike kandidaat gebring, nie saamgevoeg word ten einde 'n setel in die Nasionale Vergadering te verkry nie.

**Teenwigsetels**

**6.** Die setels bedoel in item 1*(b)* moet soos volg toegewys word aan die partye wat aan 'n verkiesing deelneem:

*(a)* 'n Kwota stemme per setel word bepaal deur die totale getal geldige stemme wat vir partye gebring is op beide die streek- en teenwigstembriewe, te deel deur die totale getal setels in die Nasionale Vergadering, plus een, minus setels gewen deur onafhanklike kandidate, en die uitslag plus een, sonder inagneming van breukdele, is die kwota stemme per setel.

*(b)* Die getal setels wat vir die doeleindes van paragraaf *(d)* aan 'n party toegestaan moet word, moet, behoudens paragraaf *(c)*, bepaal word deur die totale getal stemme wat op beide die streek- en teenwigstembriewe ten gunste van sodanige party gebring is, te deel deur die kwota stemme per setel ingevolge paragraaf *(a)* bepaal.

*(c)* Waar die uitslag van die berekening in paragraaf *(b)* bedoel setels oplewer wat nie deur die getal aan partye toegeken, geabsorbeer is nie, ding die surplus van stemme wat aan enige party of partye toeval, mee om die oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus van stemme, tot en met 'n maksimum van vyf setels aldus toegeken: Met dien verstande dat daaropvolgende toekennings van oorblywende setels in volgorde toegeken word aan die party of partye wat die hoogste gemiddelde getal stemme per setel het wat reeds ingevolge paragraaf *(b)* en hierdie paragraaf toegeken is.

*(d)* Die totaal van 'n party se toekennings ingevolge paragrawe *(b)* en *(c)*, moet verminder word met die getal setels aan die party toegewys

terms of item 5*(i)* and the result indicates that party's provisional allocation of the seats referred to in item 1*(b)*.

*(e)* If no recalculation of provisional allocations is required in terms of item 7 in respect of the seats referred to in paragraph *(d)*, the provisional allocation of such seats in terms of paragraph *(d)* becomes the final allocation of such seats to the various parties, and if such a recalculation is required, the provisional allocation of such seats, as adjusted in terms of item 7, becomes the final allocation of seats to the various parties.

*(f)* In terms of paragraph *(e)*, the seats finally allocated to a party, must be filled from its national list.

**Insufficient names on party lists and independent candidates provisionally allocated more than one seat**

**7.** (1) If a party has submitted a national or a regional list containing fewer names than the number of its provisional allocation of seats which would have been filled from such list in terms of item 5 or item 6 had such provisional allocation been the final allocation, it forfeits a number of seats equal to the deficit.

(2)*(a)* If, following the provisional allocation in item 5, an independent candidate stands to be allocated more than one seat in a region, he or she is only allocated one seat and forfeits any additional seats.

*(b)* If, following the provisional allocation in item 5, an independent candidate stands to be allocated a seat in more than one region, he or she is only allocated a seat in the region where he or she received the highest proportion of votes and shall forfeit any additional seats.

(3) In the event of any forfeiture of seats in terms of subitem (1) and subitem (2) affecting the provisional allocation of seats in respect of any particular region in terms of item 5*(e)*, such allocation must be recalculated as follows:

*(a)* The party or independent candidate forfeiting seats must be disregarded in such recalculation, and its provisional allocation of seats in terms of item 5*(e)* for the region in question, minus the number of seats forfeited by it, becomes its final allocation in respect of the seats reserved for such region in terms of item 4.

*(b)* An amended quota of votes per seat must be determined in respect of such region by dividing the total number of votes cast in the region, minus the number of votes cast in such region in favour of the party or independent candidate referred to in paragraph *(a)*, by the number of seats, plus one, reserved for such region under item 4, minus the number of seats finally allocated to the said party or independent candidate, in terms of paragraph *(a)*.

*(c)* The results plus one, disregarding fractions, is the amended quota of votes per seat in respect of such region for purposes of the said recalculation.

*(d)* The number of seats to be awarded for the purposes of paragraph *(f)* in respect of such region to a party or independent candidate participating in the recalculation, must, subject to paragraph *(e)*, be determined by dividing the total number of votes cast in favour of such party or independent candidate in such region by the amended quota of votes per seat indicated by paragraph *(c)* for such region.

*(e)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(d)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties or independent candidates, the surplus of votes accruing to any party, parties or

ingevolge item 5*(i)* en die uitslag dui daardie party se voorlopige toewysing van die setels bedoel in item 1*(b)* aan.

*(e)* Indien geen herberekening van voorlopige toewysings ingevolge item 7 vereis word ten opsigte van die setels in paragraaf *(d)* bedoel nie, word die voorlopige toewysing van sodanige setels ingevolge paragraaf *(d)* die finale toewysing van sodanige setels aan die verskeie partye, en indien so 'n herberekening vereis word, word die voorlopige toewysing van sodanige setels, soos ingevolge item 7 aangepas, die finale toewysing van setels aan die verskeie partye.

*(f)* Ingevolge paragraaf *(e)*, moet die setels finaal aan 'n party toegewys, uit die party se nasionale lys gevul word.

**Onvoldoende name op partylyste en onafhanklike kandidate aan wie meer as een setel voorlopig toegeken is**

**7.** (1) Indien 'n party 'n nasionale of 'n streeklys ingedien het met minder name op as die getal van die party se voorlopige toewysing van setels wat vanuit sodanige lys gevul sou word ingevolge item 5 of item 6 indien sodanige voorlopige toewysing die finale toewysing sou wees, verbeur die party 'n getal setels gelyk aan die tekort.

(2)*(a)* Indien, ná afloop van die voorlopige toewysing in item 5, 'n onafhanklike kandidaat meer as een setel in 'n streek staan te kry, word slegs een setel aan hom of haar toegewys en enige bykomende setels word verbeur.

*(b)* Indien, ná afloop van die voorlopige toekenning in item 5, 'n onafhanklike kandidaat 'n setel in meer as een streek staan te kry, word slegs een setel aan hom of haar toegewys in die streek waar hy of sy die hoogste persentasie van stemme gekry het en verbeur enige bykomende setels.

(3) Indien enige verbeuring van setels ingevolge subitem (1) en subitem (2) die voorlopige toewysing van setels ten opsigte van enige bepaalde streek ingevolge item 5*(e)* raak, moet sodanige toewysing soos volg herbereken word:

*(a)* Die party of onafhanklike kandidaat wat setels verbeur, word in sodanige herberekening buite rekening gelaat, en die voorlopige toewysing van setels ingevolge item 5*(e)* vir die betrokke streek, minus die getal verbeurde setels, word hulle finale toewysing ten opsigte van setels wat ingevolge item 4 vir sodanige streek gereserveer is.

*(b)* 'n Gewysigde kwota van stemme per setel moet bepaal word ten opsigte van sodanige streek deur die totale getal stemme wat in die streek gebring is, minus die getal stemme wat in sodanige streek vir die party of onafhanklike kandidaat bedoel in paragraaf *(a)* gebring is, te deel deur die getal setels, plus een, wat kragtens item 4 vir sodanige streek gereserveer is, minus die getal setels finaal toegewys aan die vermelde party of onafhanklike kandidaat, ingevolge paragraaf *(a)*.

*(c)* Die uitslae plus een, sonder om breukdele in ag te neem, is die gewysigde kwota van stemme per setel ten opsigte van sodanige streek vir doeleindes van die vermelde herberekening.

*(d)* Die getal setels wat vir die doeleindes van paragraaf *(f)* ten opsigte van sodanige streek aan 'n politieke party of onafhanklike kandidaat wat aan die herberekening deelneem, toegeken staan te word, behoudens paragraaf *(e)*, word bepaal deur die totale getal stemme wat in sodanige streek ten gunste van sodanige party gebring is, te deel deur die gewysigde kwota van stemme per setel deur paragraaf *(c)* vir daardie streek aangedui.

*(e)* Waar die uitslag van die berekening in paragraaf *(d)* bedoel, setels oplewer wat nie deur die getal setels aan partye of onafhanklike kandidate toegeken, geabsorbeer is nie, ding die surplus stemme wat

independent candidates in respect of the relevant region, competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes.

*(f)* The aggregate of a party's or independent candidate's awards in terms of paragraphs *(d)* and *(e)* in respect of such region, subject to subitem (5) and subitem (6), indicates that party's or independent candidate's final allocation of seats reserved under item 4 for that region.

(4) In the event of any forfeiture of seats in terms of subitem (1) affecting the provisional allocation of seats in terms of item 6*(d)*, such allocation must be recalculated as follows:

*(a)* The party forfeiting seats must be disregarded in such recalculation, and its provisional allocation of seats in terms of item 6*(d)*, minus the number of such seats forfeited by it, becomes its final allocation of the seats referred to in item 1*(b)*.

*(b)* An amended quota of votes per seat must be determined by dividing the total number of votes cast nationally on both the regional and compensatory ballots, minus the number of votes cast nationally on both the regional and compensatory ballots in favour of the party referred to in paragraph *(a)*, by the number of seats in the National Assembly, plus one, minus the number of seats finally allocated to the said party in terms of paragraph *(a)*, minus the aggregate of seats won by independent candidates.

*(c)* The result plus one, disregarding fractions, is the amended quota of votes per seat for the purposes of the said recalculation.

*(d)* The number of seats to be awarded for the purpose of paragraph *(f)* to a party participating in the recalculation must, subject to paragraph *(e)*, be determined by dividing the total number of votes cast nationally in favour of such party by the amended quota of votes per seat indicated by paragraph *(c)*.

*(e)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(d)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties, the surplus of votes accruing to any party or parties competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes, up to a maximum of five seats so awarded: Provided that the subsequent award of seats still remaining must be made in sequence of the party or parties with the highest average number of votes per seat already awarded in terms of paragraph *(d)* and this paragraph.

*(f)* The aggregate of such a party's awards in terms of paragraphs *(d)* and *(e)* must be reduced by the number of seats finally allocated to it in terms of item 5*(i)*, and the results, subject to subitem (5) indicates that party's final allocation of the seats referred to in item 1*(b)*.

(5) In the event of a party being allocated an additional number of seats in terms of this item, and if its list in question then does not contain the names of a sufficient number of candidates as set out in subitem (1), the procedure provided for in this item must be repeated with the changes required by the context until all seats have been allocated.

(6) In the event that an independent candidate stands to be allocated more than one seat in terms of subitem (3)*(f)*, the procedure provided for in subitem (3), must be repeated with the changes required by the context until all seats have been allocated.

**Provincial legislatures**

**8.** The number of seats in each provincial legislature are as determined in terms of section 105 of the Constitution and item 3(1) of Schedule 3.

**9.** (1) Registered parties contesting an election of a provincial legislature must nominate candidates for election to such provincial legislature on a provincial list of candidates prepared in accordance with this Act, with such

toeval aan enige party, partye of onafhanklike kandidate ten opsigte van die tersaaklike streek, mee om die oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus stemme.

*(f)* Die totaal van 'n party of onafhanklike kandidaat se toekennings ingevolge paragrawe *(d)* en *(e)* ten opsigte van sodanige streek, behoudens subitem (5) en subitem (6), dui daardie party of onafhanklike kandidaat se finale toewysing van setels kragtens item 4 vir daardie streek gereserveer aan.

(4) Indien enige verbeuring van setels ingevolge subitem (1) die voorlopige toewysing van setels ingevolge item 6*(d)* raak, moet sodanige toewysing soos volg herbereken word:

*(a)* Die party wat setels verbeur, moet in daardie herberekening buite rekening gelaat word, en hul voorlopige toewysing van setels ingevolge item 6*(d)* minus die getal sodanige setels deur die party verbeur, word die finale toewysing van die setels in item 1*(b)* bedoel.

*(b)* 'n Gewysigde kwota stemme per setel, moet bepaal word deur die totale getal stemme wat nasionaal gebring is op die streek sowel as teenwigstembriewe, minus die getal stemme nasionaal gebring op die streek- sowel as teenwigstembriewe ten gunste van die party in paragraaf *(a)* bedoel, te deel deur die getal setels in die Nasionale Vergadering, plus een, minus die getal setels finaal toegewys aan die vermelde party ingevolge paragraaf *(a),* minus die totaal van setels deur onafhanklike kandidate gewen.

*(c)* Die uitslag plus een, met breukdele buite rekening gelaat, is die gewysigde kwota stemme per setel vir die doeleindes van die vermelde herberekening.

*(d)* Die getal setels wat vir die doeleindes van paragraaf *(f)* toegeken moet word aan 'n party wat aan die herberekening deelneem, moet, behoudens paragraaf *(e)*, bepaal word deur die totale getal stemme wat nasionaal ten gunste van sodanige party gebring is te deel deur die gewysigde kwota stemme per setel in paragraaf *(c)* aangedui.

*(e)* Waar die uitslag van die berekening in paragraaf *(d)* bedoel, setels oplewer wat nie deur die getal geabsorbeer word wat aan partye toegeken is nie, ding die surplus stemme wat aan enige party of partye toeval, mee om die oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus stemme, tot 'n maksimum van vyf setels aldus toegeken: Met dien verstande dat die daaropvolgende toekenning van setels wat nog oorbly, gemaak moet word in volgorde van die party of partye met die hoogste gemiddelde getal stemme per setel wat reeds toegeken is ingevolge paragraaf *(d)* en hierdie paragraaf.

*(f)* Die totaal van sodanige party se toekennings ingevolge paragrawe *(d)* en *(e)*, moet verminder word deur die getal setels wat finaal daaraan toegeken is ingevolge item 5*(i)*, en die uitslae, behoudens subitem (5), dui daardie party se finale toewysing van die setels in item 1*(b)* bedoel, aan.

(5) In 'n geval waar 'n bykomende getal setels ingevolge hierdie item aan 'n party toegewys word, en indien daardie party se betrokke lys dan nie genoeg kandidate se name op het soos in subitem (1) uiteengesit nie, moet die prosedure waarvoor in hierdie item voorsiening gemaak word, met die veranderinge deur die samehang vereis, herhaal word totdat alle setels toegewys is.

(6) Indien 'n onafhanklike kandidaat meer as een setel staan te kry ingevolge subitem (3)*(f)*, moet die prosedure waarvoor in subitem (3) voorsiening gemaak word, herhaal word met die veranderinge deur die samehang vereis totdat al die setels toegewys is.

**Provinsiale wetgewers**

**8.** Die getal setels in elke provinsiale wetgewer is soos bepaal ingevolge artikel 105 van die Grondwet en item 3(1) van Bylae 3.

**9.** (1) Geregistreerde partye wat aan 'n verkiesing van 'n provinsiale wetgewer deelneem, moet kandidate vir verkiesing tot sodanige provinsiale wetgewer benoem op 'n provinsiale kandidaatlys wat ooreenkomstig

number of candidates on each list as the party may determine subject to subitem (2).

(2) The list of candidates submitted by a party must not contain more names than the number of seats in the provincial legislature concerned, and must denote the fixed order of preference of the names as the party may determine.

**10.** The Commission must prepare a list of independent candidates contesting an election of a provincial legislature in accordance with this Act.

**11.** The seats determined for a provincial legislature must be allocated to parties and independent candidates contesting an election, as follows:

*(a)* A quota of votes per seat must be determined by dividing the total number of valid votes cast in the province concerned by the number of seats, plus one, determined for such province and the result plus one, disregarding fractions, is the quota of votes per seat for such province.

*(b)* The number of seats to be awarded to a party or independent candidate for the purposes of paragraph *(d)* must, subject to paragraph *(c)*, be determined by dividing the total number of votes cast in the province in favour of such party or independent candidate by the quota of votes per seat determined in terms of paragraph *(a)*.

*(c)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(b)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties or independent candidates, the surplus of votes accruing to any party, parties or independent candidates in respect of the relevant province, competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes.

*(d)* The aggregate of a party's or independent candidate's awards in terms of paragraphs *(b)* and *(c)*, indicates that party's or independent candidate's provisional allocation of seats in the provincial legislature in question.

*(e)* Where an independent candidate's award in terms of paragraph *(d)* exceeds one seat, the candidate is awarded one seat as his or her provisional allocation. The surplus of seats yielded must be dealt with in terms of item 12.

*(f)* If no recalculation of provisional allocations for a province concerned is required in terms of item 12, the provisional allocation of seats in respect of that province in terms of paragraph *(d)*, becomes the final allocation of such seats to the various parties and independent candidates, and if such a recalculation is required the provisional allocation of such seats as adjusted in terms of item 12 becomes the final allocation of such seats to the various parties and independent candidates.

*(g)* In terms of paragraph *(f)* the seats finally allocated to a party, must be filled from its respective provincial lists.

**12.** (1) If a party has submitted a provincial list containing fewer names than the number of seats provisionally allocated to it in terms of item 11*(d)*, it must forfeit a number of seats equal to the deficit.

(2) If, following the provisional allocation in item 11*(d)*, an independent candidate stands to be allocated more than one seat in a region, he or she is only allocated one seat and forfeits any additional seats.

(3) In the event of any forfeiture of seats in terms of subitems (1) or (2), the allocation of seats in respect of the province concerned must be recalculated as follows:

*(a)* The party or independent candidate forfeiting seats must be disregarded in such recalculation, and its provisional allocation of seats in terms of item 11*(d)*, minus the number of seats forfeited by it, becomes its final allocation of seats in the provincial legislature concerned.

*(b)* An amended quota of votes per seat must be determined in respect of such province by dividing the total number of votes cast in the

hierdie Wet voorberei is, met sodanige getal kandidate op elke lys wat die party behoudens subitem (2) bepaal.

(2) Die kandidaatlys wat deur 'n party voorgelê word, moet nie meer name op hê as die getal setels in die provinsiale wetgewer nie en moet die vaste voorrangorde van die name soos die party kan bepaal, aandui

**10.** Die Kommissie moet 'n lys voorberei van onafhanklike kandidate wat aan die verkiesing van 'n provinsiale Wetgewer deelneem ooreenkomstig hierdie Wet.

**11.** Die setels vir 'n provinsiale wetgewer bepaal, moet soos volg in drie aparte rondtes aan partye en onafhanklike kandidate wat aan 'n verkiesing deelneem, toegewys word:

*(a)* 'n Kwota stemme per setel moet bepaal word deur die totale getal geldige stemme in die provinsie gebring, te deel deur die getal setels, plus een, vir sodanige provinsie bepaal en die uitslag plus een, sonder inagneming van breukdele, is die kwota stemme per setel vir sodanige provinsie.

*(b)* Die getal setels wat vir die doeleindes van paragraaf *(d)* aan 'n party of onafhanklike kandidaat toegewys staan te word, moet, behoudens paragraaf *(c)*, bepaal word deur die totale getal stemme wat in die provinsie ten gunste van sodanige party of onafhanklike kandidaat gebring is, te deel deur die kwota van stemme per setel ingevolge paragraaf *(a)* bepaal.

*(c)* Waar die uitslag van die berekening in paragraaf *(b)* bedoel setels oplewer wat nie deur die getal aan partye of onafhanklike kandidate toegeken, geabsorbeer word nie, ding die surplus van stemme wat toeval aan enige party, partye of onafhanklike kandidate ten opsigte van die tersaaklike provinsie, mee om die oorblywende setels in volgorde van die hoogste surplus stemme.

*(d)* Die totaal van 'n party of onafhanklike kandidaat se toekennings ingevolge paragrawe *(b)* en *(c)*, dui daardie party of onafhanklike kandidaat se voorlopige toewysing van setels in die betrokke provinsiale wetgewer aan.

*(e)* Waar 'n onafhanklike kandidaat se toekenning ingevolge paragraaf *(d)* een setel oorskry, kry die kandidaat een setel as sy of haar voorlopige toewysing. Die surplus van setels wat opgelewer word, moet ingevolge item 12 hanteer word.

*(f)* Indien geen herberekening van voorlopige toekennings vir 'n betrokke provinsie ingevolge item 12 vereis word nie, word die voorlopige toekenning van setels ten opsigte van daardie provinsie ingevolge paragraaf *(d)*, die finale toewysing van sodanige setels aan die verskeie partye en onafhanklike kandidate, en indien sodanige herberekening vereis word, word die voorlopige toewysing van sodanige setels soos ingevolge item 12 aangepas, die finale toewysing van sodanige setels aan die verskeie partye en onafhanklike kandidate.

*(g)* Ingevolge paragraaf *(f)* moet die setels wat finaal aan 'n party toegeken word, uit die party se onderskeie provinsiale lyste gevul word.

**12.** (1) Indien 'n party 'n provinsiale lys ingedien het wat minder name op het as die getal setels voorlopig daaraan toegewys ingevolge item 11*(d)*, moet die party 'n getal setels gelyk aan die tekort verbeur.

(2) Indien 'n onafhanklike kandidaat, ná afloop van die voorlopige toewysing in item 11*(d)*, meer as een setel in 'n streek staan te kry, word slegs een setel aan hom of haar toegewys en hy of sy verbeur enige bykomende setels.

(3) In die geval van enige verbeuring van setels ingevolge subitems (1) of (2), moet die toewysing van setels ten opsigte van die betrokke provinsie soos volg herbereken word:

*(a)* Die party of onafhanklike kandidaat wat setels verbeur, moet buite rekening gelaat word in sodanige herberekening, en hulle voorlopige toewysing van setels ingevolge item 11*(d)*, minus die getal setels deur hulle verbeur, word hulle finale toewysing van setels in die betrokke provinsiale wetgewer.

*(b)* 'n Gewysigde kwota stemme per setel moet ten opsigte van sodanige provinsie bepaal word deur die totale getal stemme in die provinsie

province, minus the number of votes cast in the province in favour of the party or independent candidate referred to in paragraph *(a)* by the number of seats, plus one, determined in terms of item 8 in respect of the province concerned, minus the number of seats finally allocated to the said party in terms of paragraph *(a)*.

*(c)* The result plus one, disregarding fractions, is the amended quota of votes per seat in respect of such province for purposes of the said recalculation.

*(d)* The number of seats to be awarded for the purposes of paragraph *(f)* in respect of such province to a party or independent candidate participating in the recalculation must, subject to paragraph *(e)*, be determined by dividing the total number of votes cast in favour of such party or independent candidate in such province by the amended quota of votes per seat indicated by paragraph *(c)* for such province.

*(e)* Where the result of the calculation referred to in paragraph *(d)* yields seats not absorbed by the number awarded to parties or independent candidates, the surplus of votes accruing to any party, parties or independent candidates in respect of the relevant province, competes for the remaining seats in sequence of the highest surplus of votes.

